OGGEND-BYBELSTUDIE

DIE DOOD

STUDIESTUK 6

1 KORINTIËRS 15 (KLEM OP VS 50-58)

STUDIETEMA:
OORWINNING OOR DIE DOOD!

ENKELE OPMERKINGS VIR DIE BETER VERSTAAN VAN 1 KORINTIËRS 15:

- 1 Korintiërs 15 verkondig "harde" (maar wonderlike) dogma.
- 1 Korintiërs 15 se 58 verse vertel een "verhaal" en dit is
  CHRISTUS HET OPGESTAAN!

  → Kom ons sê dit so:

  Soos wat 'n mens se hart lewegewende bloed na elke hoekie van die liggaam pomp, so gee "pomp" die waarheid van Jesus se opstanding "lewe" aan elke aspek van die evangelieboodskap!
- Jesus Christus se opstanding is die punt waarom die evangelie draai.
- M.a.w.
  GLO IN DIE OPSTANDING VAN CHRITUS EN WEET VERSEKER DAT DIE AARDSE LEWE 'N "VOORSPEL" IS TOT 'N EWIGE "ANDER" EN VOLKOME "BETER" LEWE.

ONS WERKSWYSE:

Ons let verseker nie op elke vers van 1 Korintiërs 15 nie. Ek wens ons kon maar dalk by 'n ander geleentheid.

→ Lees 1 Korintiërs 15:19 aandagtig deur. Oordink die inhoud van die vers. Sê in jou eie woorde wat Paulus hier sê:

→ Verse 50-53 vorm 'n eenheid.

- Lees eers vers 50-53 en daarna verse 42-44 (om verse 50-53 beter te verstaan.)
- Oordink die verse.

Hoe "werk" die groot verandering waarvan Paulus in verse 50-53 praat?

→ Lees verse 54-56 asook Hosea 13:14. In 1 Korintiërs 15:54-56 is sprake van 'n "groot oorwinning". Beskryf die oorwinning in jou eie woorde.

→ Lees vers 57. Hoe is alles wat oor die dood gesê word moontlik?

→ Vers 58 is baie belangrik. Hier is sprake van 'n groot aansporing. Waartoe word iemand wat in die opstanding van Christus glo, aangespoor?